

18

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die belangrikste inligting van Lesse 13-17 hersien.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die belangrikste feite uit Lesse 13-17 ken.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bereid wees om die belangrikste feite van Lesse 13-17 te leer en te ken.
- bly wees oor die geleentheid om 'n geheelprentjie van die werk te kry.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees –

- om dit wat hulle by elke les geleer het, in hul eie woorde weer te gee.
- om dit wat hulle in Lesse 13-17 geleer het, te gaan uitleef in hul alledaagse lewe.

DOEN VOORAF

- Berei voor vir die vasvrakompetisie.
- Onthou om die prys vir die wenspan saam te neem.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

IETS OM TE DOEN

- Verduidelik vir die kinders dat hulle hersiening gaan doen van die feite in Lesse 13-17.

Verduidelik dat elkeen van die persone of gebeure iets vir hulle geleer het.

- Gebruik die volgende feite en vertel op 'n vloeiende manier kortliks wat dit beteken.
 - God het ons wonderlik geskape: Ons kan ruik, sien, proe, hoor, voel en nog baie meer.
 - Ons moet God se skepping oppas.
 - Ons moet as deel van die skepping ons liggame oppas deur gesonde kos te eet; ons liggame skoon te hou; gereeld tande te borsel; ons hande en hare gereeld te was; en gereeld te oefen.
- Ons moet onthou ons liggame is die tempel van God.
- Jesus ken ons nood en probleme.
- Jesus wil ons help as ons swaarkry.
- 'n Verlamde man se vriende het vas in Jesus geglo.
- Hulle kon die verlamde man nie tot naby Jesus dra nie.
- Hulle het 'n gat in die huis se dak gemaak om die verlamde man by Jesus te kry.
- Jesus het vir hom gesê: *Vriend, jou sondes is vergewe... Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.*
- Die man het opgestaan en was gesond.
- Ons kan ook ons probleme na Jesus toe bring.
- Jesus leer ons hoe ons moet lewe.
- Wat ons sê en wat ons doen, wys of ons God en mekaar liefhet.
- Ons moet aan ander doen wat ons wil hê hulle aan ons moet doen.
- Ons doen goed aan ander as ons vriendelik is; luister en probeer verstaan; altyd dankie sê; komplimente vir mense gee; en help as iemand in die moeilikheid is.
- *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen (Matteus 7: 12).*
- Omdat ons sondes so baie is, moet ons met die dood gestraf word.
- God se liefde vir ons is so groot dat Hy 'n ander plan maak eerder as om ons te straf.
- God het vir Jesus gestuur om in ons plek te sterf.
- Hoewel Jesus gesterf het, het Hy na drie dae uit die dood uit opgestaan.
- Uit dankbaarheid moet ons vir ander mense vertel dat Jesus hulle ook verlos het.
- *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (Johannes 3: 16).*
- Ons is gedoop ...in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.
- *In die Vader se Naam* beteken God die Vader gaan vir ons sorg.
- *In die Seun se Naam* beteken Jesus het al ons sondes afgewas.
- *In die Heilige Gees se Naam* beteken die Heilige Gees sal ons troos en beskerm.

VASVRAKOMPETISIE

- Verdeel die klas in twee spanne.
- Gebruik die vraebank by Les 17 en vra vir elke span om die beurt 'n vraag.
- Hou deeglik boek van elke span se punte.
- Kondig die wenspan aan.
- Deel die prys uit.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.

Belangrik:

- Reël betyds wie volgende week se klas gaan aanbied – veral vir die maak van hulpmiddels.
- Daar moet nou reeds voorberei word vir die rolspel by Les 24.
- Die dominee, kategeesehoof en kategete moet met Les 24 by grade R, 1, 2 en 3 as vertrekpunt besluit hoe Kersfees by hierdie grade prakties “gevier” gaan word. Onderstaande moontlikhede kan oorweeg word:
 - Die hele fase (grade R-3) neem die eerste jaar saam aan die rolspel van een graadgroep deel, volgende jaar die ander groep s'n, totdat al die grade 'n beurt gehad het.
 - Elke graad doen sy eie rolspel en pas aan by praktiese omstandighede.
 - Gebruik eie inisiatief en reël na goeddunke.